Striga gesnerioides

E: Purple witchweed, Tobacco witchweed, A:Bloublom, Rooiblom Tabakparasiet



Striga in natuurlike habitat Striga uitgegrawe en deurgesny op wortel vas gasheer

Het julle nie ook al menigte kere gewonder oor die klein perserige plantjie, wat so graag langs grondstrate staan nie? Hy lyk so 'n bietjie na pers aspersie maar met baie mooi ligpers blomme aan die stingels. Later staan hy pikswart tot die skraper hom wegvat.

Dit is 'n semiparasiet wat op die wortels van ander plante groei. Om te kan ontkiem, het hy 'n plant nodig, wat die stof "strigol" afsonder, bv. soos by tabakplante die geval is. Watter plante dit by ons in die veld is, weet ek nie regtig nie, maar ek weet een van hulle is die oranje "engelsblom" Pterodiscus aurantiacus.

Wat hierdie plant besonders maak, is dat hy nie chlorofil nodig het om te lewe nie, hy trek sy kos sommer uit sy gasheer se wortels. En daarom is hy nie groen nie.

Gedroog en fyn gemaal maak dit 'n wondpoeier of dit word saam met salf/vet op geswelde nekkliere gesmeer om as treksalf te werk.
Die Kwanyamas beweer, dat 'n "neef" van die plant, nl. Striga hermonthica, werk manlikheid tee (verhoed ereksie)
Word hy daarom "witchweed genoem?! Ek wonder!

Hierdie een het ek eers onlangs ontdek. Die stingels is lig groen, dit wil sê, hulle bevat chlorofil es is dus nie heeltemal afhanklik van die gasheer. Ek kon nog nie uitvind, of dit dieselfde spesies soos die pers ene is nie. (die grond was te hard om te grawe.)